Plak asseblief die strepieskode-etiket hier

**TOTALE PUNTE**

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2022

# VERBRUIKERSTUDIES

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

Tyd: 3 uur 200 punte

---

## LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 36 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Hierdie vraestel bestaan uit vier afdelings:

   **AFDELING A:** Voedsel en Voeding en Verbruikerverwante Kwessies
   **AFDELING B:** Kleding en Verbruikerverwante Kwessies
   **AFDELING C:** Behuising en Meublement en Verbruikerverwante Kwessies
   **AFDELING D:** Uitgebreide Skryfrespons

3. Lees die vrae noukeurig deur.

4. Beantwoord AL die vrae op die vraestel en handig dit aan die einde van die eksamensessie in. Onthou om jou eksamennommer in die spasie wat voorsien word, te skryf.

5. Die punte wat aan elke vraag toegeken word, dui die detail aan wat verlang word.

6. Sakrekenaars mag gebruik word.

7. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.

8. TWEE skoon bladsye (bladsy 35–36) word aan die einde van die vraestel ingesluit. Indien jy te min spasie vir 'n antwoord het, gebruik hierdie bladsye. Dui die nommer van jou antwoord duidelik aan indien jy hierdie ekstra spasie gebruik.

---

### Puntetoekenning

| V1 | V2 | V3 | V4 | V5 | V6 | V7 | V8 | V9 | V10 | V11 | V12 | V13 | V14 | V15 | V16 | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | | | | | |

IEB Copyright © 2022

## AFDELING A VOEDSEL EN VOEDING EN VERBRUIKERVERWANTE KWESSIES

***Bestee ongeveer 60 minute aan hierdie afdeling.***

## VRAAG 1 MEERKEUSIGE VRAE

Kies die mees korrekte antwoord vir elkeen van die volgende vrae. Skryf slegs die letter van jou keuse in die tabel hieronder.

| **Vraag** | **1.1** | **1.2** | **1.3** | **1.4** | **1.5** | **1.6** | **1.7** | **1.8** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Antwoord** | | | | | | | | |

1.1 Die volgende logo is 'n aanduiding van die … op voedseletikette.

A glukose-intoleransie
B glukemiese indeks
C glukemiese intoleransie
D glukose infusie (1)

1.2 Die … bied beskerming en toevlug wanneer verbruikersregte geskend is.

A Wet op Verbruikersbeskerming
B Verbruikersprofielburo
C Verbruikersprysindeks
D Verbruikersportefeuljedienste (1)

1.3 Om 'n verbruiker te oorreed om goedere of dienste te koop deur voordele te belowe as hulle die besigheid help om goedere of dienste aan ander kliënte te verskaf, kan beskou word as …

A 'n piramideskema.
B 'n uitsluitingsklousule.
C 'n gewetenlose handelaar.
D onbillike besigheidspraktyk. (1)

1.4 Die volgende bymiddel sal veroorsaak dat 'n produk nie as veganisties kwalifiseer nie.

A Pektien
B Gelatien
C Bensoate
D Tartrasien (1)

1.5 Die volgende is ('n) voordelige funksie(s) van omega-3-vetsure.

A Verminderde risiko van kardiovaskulêre siekte
B Verlaagde bloeddruk
C Verlaagde cholesterol
D A, B en C (1)

Bestudeer die voedingsamestelling-etikette en beantwoord Vraag 1.6–1.8.

**Etiket A**

**Voedingsfeite**

| Porsiegrootte | 1 porsie (300 g) |
|---|---|
| | Per porsie |
| Energie | 2007 kj<br>480 kcal |
| Proteïen | 26.10g |
| Koolhidrate | 41.00g |
| Suiker | 2.70g |
| Vet | 22.60g |
| Versadigde vet | 8.400g |
| Transvet | 1.920g |
| Poli-onversadigde vet | 3.900g |
| Mono-onversadigde vet | 12.000g |
| Cholesterol | 102mg |
| Vesel | 4.5g |
| Natrium | 1056mg |

**Etiket B**

**Voedingsfeite**

| Porsiegrootte | 100 g |
|---|---|
| | Per porsie |
| Energie | 2032 kj<br>486 kcal |
| Proteïen | 4.60g |
| Koolhidrate | 52.00g |
| Suiker | 27.80g |
| Vet | 28.90g |
| Versadigde vet | 12.100g |
| Cholesterol | 37mg |
| Vesel | 3.7g |
| Natrium | 190mg |

**Etiket C**

**Voedingsfeite**

| Porsiegrootte | 1 roti (200 g) |
|---|---|
| | Per porsie |
| Energie | 2000 kj<br>478 kcal |
| Proteïen | 10.40g |
| Koolhidrate | 56.00g |
| Suiker | 6.80g |
| Vet | 21.50g |
| Versadigde vet | 7.900g |
| Transvet | 0.200g |
| Poli-onversadigde vet | 4.100g |
| Mono-onversadigde vet | 9.500g |
| Cholesterol | 64mg |
| Vesel | 9.2g |
| Natrium | 850mg |

[Bron: <https://www.fatsecret.co.za/calories-nutrition>]

1.6 Identifiseer die etiket wat nie geskik is vir 'n persoon wat aan diabetes ly nie.

A Etiket A
B Etiket B
C Etiket C (1)

1.7 Hierdie produk is nie geskik vir 'n persoon wat aan hipertensie ly nie.

A Etiket A
B Etiket B
C Etiket C (1)


1.8 Die … en … inhoud maak etiket A ongeskik vir 'n persoon wat aan koronêre hartsiekte ly.

A versadigde- en transvet
B versadigde vet en koolhidrate
C transvet en proteïen
D proteïen en koolhidrate (1)
**[8]**

IEB Copyright © 2022 

## VRAAG 2

Bestudeer die skets hieronder en gebruik dit om die vrae wat volg, te beantwoord.




[Bron: <https://www.bing.com/images/>]

2.1 Identifiseer die voedselverwante gesondheidstoestand wat in hierdie skets uitgebeeld word.

___

(2)

2.2 Wat word die aanpaksel soos uitgebeeld in **B** genoem?

___

___

(1)

2.3 Verduidelik TWEE moontlike uitkomste/gevolge van hierdie siekte.

___

___

___

___

___

___

(4)
**[7]**

## VRAAG 3

3.1 Wat is *pre- en probiotika*?

(4)

3.2 Definieer *gastro-enteritis*.

(2)

3.3 Definieer *hardlywigheid.*

(2)

3.4 Wat is die voordeel daarvan om pre- en probiotika vir die bogenoemde spysverteringstoestande te gebruik?

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

(2)

**[10]**

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 4

4.1 Verduidelik die term *glukemiese indeks*.

(3)

4.2 Wat is die gesondheidsvoordele van lae-glukemiese diëte en lae-glukemiese kos?

(3)

4.3 Verduidelik die gradering van koolhidrate volgens die glukemiese indeks.

(6)

IEB Copyright © 2022

4.4 Wat sal die moontlike gevolge wees van 'n dieet wat hoofsaaklik uit hoë-GI-voedsel bestaan?

(4)

**[16]**

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 5

5.1 Definieer die term *eetversteuring*.

(2)

5.2 Noem TWEE moontlike oorsake van eetversteurings.

(2)

5.3 Noem die eetversteuring wat die meeste geassosieer word met vergryping aan kos, vomering en die misbruik van lakseermiddels.

(1)

5.4 Ontleed krities moontlike bestuurstrategieë (behandelingsopsies) vir die eetversteuring wat in Vraag 5.3 geïdentifiseer is.

(6)
**[11]**

## VRAAG 6

6.1 Evalueer waarom organiese voedselproduksie as 'n volhoubare boerderymetode beskou word deur na ekonomiese, omgewings- en sosiale volhoubaarheid te verwys.

(9)

IEB Copyright © 2022

6.2 Beskryf die DRIE hoofbeginsels van voedselsekuriteit.

(6)

6.3 Verduidelik die negatiewe impak van 'n verhoogde VPI (Verbruikersprysindeks) op voedselsekuriteit.

(3)
**[18]**

**70 punte**

## AFDELING B KLEDING EN VERBRUIKERVERWANTE KWESSIES

***Bestee ongeveer 40 minute aan hierdie afdeling.***

### VRAAG 7 MEERKEUSIGE VRAE

Kies die mees korrekte antwoord vir elkeen van die volgende vrae. Skryf slegs die letter van jou keuse in die tabel hieronder.

| **Vraag** | **7.1** | **7.2** | **7.3** | **7.4** |
|---|---|---|---|---|
| **Antwoord** | | | | |

7.1 Mode …

1 is 'n klerestyl.
2 is uniek en baie duur.
3 is tydloos en elegant.
4 word deur mediakanale aan die publiek bekendgestel.

A 1 en 2
B 2 en 4
C 1 en 4
D 2 en 3 (2)

7.2 … is indirekte belasting wat gehef word op alle kledingstukke tydens produksie en verspreiding.

A LBS
B BTW
C KWB
D SIBW (1)

IEB Copyright © 2022

7.3 Die modekeuses hieronder word gemotiveer deur …




1. Sosiale faktore
2. Politieke faktore
3. Omgewingskwessies
4. Ekonomiese faktore

A 1 en 2
B 3 en 4
C 2 en 3
D 1 en 4 (2)

7.4 Wat sal die motivering wees vir 'n persoon wat die klere-items hieronder dra?




1. Hulle wil suksesvol lyk.
2. Hulle volg die modegier.
3. Hulle wil selfversekerd lyk.
4. Hulle wil lyk of hulle goeie smaak het.
5. Hulle kom as baie lui voor.

A 1, 2 en 3
B 3, 4 en 5
C 2, 4 en 5
D 1, 3 en 4 (2)

**[7]**

## VRAAG 8

Sê of elke sin WAAR of ONWAAR is. Vir elke ONWAAR stelling, korrigeer slegs die woord(e) wat in vetdruk verskyn. Moenie die hele sin oorskryf nie.

8.1 **Kontemporêre** mode verwys na nuwe kledingstukke wat deur 'n paar modeleiers gedra word.

______________________________________________

8.2 Depressie word beskou as 'n **ekonomiese** faktor wat modeverandering beïnvloed.

______________________________________________

8.3 Die natuurlike tekstiel, **katoen**, is nie omgewingsvriendelik nie en moet vermy word.

______________________________________________

8.4 Die **hoogtepunt** van 'n modegolf oorvleuel met die afname van die vorige golf.

______________________________________________

8.5 **Handelsmerkklere** het 'n negatiewe impak op 'n land se ekonomie.

______________________________________________

**[8]**

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 9




9.1 Identifiseer die verskillende modekonsepte wat in A–C hierbo geillustreer word.

___

___

___

(3)

9.2 Definieer die modekonsepte soos geïdentifiseer in Vraag 9.1.

___

___

___

___

___

___

___

(6)
**[9]**

## VRAAG 10

> 'In sielkunde, is 'n eerste indruk die oomblik wanneer een persoon 'n ander persoon vir die eerste keer ontmoet en 'n beeld/opinie van daardie persoon vorm.'

[Bron: <https://en.wikipedia.org/wiki/First_impression_(psychology)>]

10.1 Hoekom is die bogenoemde stelling waar wanneer jy vir 'n werksonderhoud aantrek?

(4)

10.2 Lys VYF klerewenke oor wat om aan te trek vir 'n onderhoud.

(5)

10.3 Noem TWEE dinge wat vermy moet word wanneer 'n professionele klerevoorkoms geskep word.

(2)

IEB Copyright © 2022

10.4 Evalueer die dra van 'n uniform vir werk.

(4)
**[15]**

## VRAAG 11

'Alhoewel dit makliker is om te dink dat hierdie neiging vanuit 'n natuurliefhebbersoogpunt ontstaan het, is die waarheid dat ekovriendelike kultuur bekende modehandelsmerke soos Nike en Adidas, en ook beroemde modeontwerpers soos Giorgio Armani en Prada beïnvloed het om hul klereversamelings volgens die eko-modebeginsels te skep.'

[Bron: <https://www.modadel.com/eco-fashion-fashion-trends-and-environment/>]

11.1 Wat is *eko-mode*?

(2)

11.2 Noem VIER voorwaardes waaraan klere moet voldoen voordat dit as 'n eko-mode kan klassifiseer.

(4)

11.3 Wat is die rol van bekendes/modeleiers in die bevordering van eko-modes?

(5)
**[11]**

**50 punte**

IEB Copyright © 2022

## AFDELING C BEHUISING EN MEUBLEMENT EN VERBRUIKERVERWANTE KWESSIES

***Bestee ongeveer 40 minute aan hierdie afdeling.***

### VRAAG 12 PAS DIE KOLOMME

Kies die mees geskikte beskrywing in Kolom B vir die eiendomskoopkoste in Kolom A. Skryf slegs die letter van jou keuse in die tabel hieronder.

| **Vraag** | **12.1** | **12.2** | **12.3** | **12.4** | **12.5** |
|---|---|---|---|---|---|
| **Antwoord** | | | | | |


| **Kolom A<br>Eiendom koopkoste** | | **Kolom B<br>Beskrywing** | |
|---|---|---|---|
| 12.1 | Deposito | **A** | Dit is 'n bedrag waarop ooreengekom word wanneer die koper voor die eiendom registreer wil intrek. |
| 12.2 | Okkupasiehuur | **B** | Hierdie fooie word betaal vir die registrasie van die verbandlening en eiendomstitel. |
| 12.3 | Aanvangsfooi | **C** | Hierdie belasting word betaal om die eiendom van die verkoper na die koper oor te dra. |
| 12.4 | Eiendomsbelasting | **D** | 'n Persentasie van die koopprys van die huis, betaalbaar deur die koper. |
| 12.5 | Aktekantoorfooie | **E** | Die fooi is gebaseer op die markwaarde van die eiendom, en word vir munisipale dienste gebruik. |
| | | **F** | 'n Eenmalige fooi wat na die goedkeuring van die huislening aan die bank betaal word. |
| | | **G** | Hierdie betalings word aan die aktebesorger gemaak vir toesig oor die oordragproses. |

**[5]**

IEB Copyright © 2022 

## VRAAG 13

Bestudeer die lyngrafiek hieronder en gebruik dit om die vrae wat volg te beantwoord.




[Bron: <https://www.multinet.co.za/2020/11/18>]

'n Afname in eiendomspryse word in Mei, Junie en Julie waargeneem, want baie verkopers het besluit om laer aanbiedings te aanvaar, aangesien kopers die Covid-19-dilemma as 'n bedingings-instrument gebruik het. Met die verlaging in rentekoerse het die mark egter oopgegaan vir nuwe verbruikers wat 'n eiendom teen dieselfde pryse as die huur wat hulle betaal het, sou kon bekostig, en 'n duidelike toename in eerstekeer-kopers is waargeneem.

13.1 Wat word met die term *rentekoers* bedoel?

(2)

13.2 Identifiseer TWEE verskille tussen vaste en veranderlike/buigbare rente. Tabuleer jou antwoord soos hieronder getoon.

| Vaste rente | Veranderlike/Buigbare rente |
|---|---|
| | |

(4)

13.3 Motiveer die toename in eerstekeer-huiskopers van Mei tot Julie deur na die voordele van huiseienaarskap te verwys.

(8)

13.4 Voorspel die uitkoms vir die volgende behuisingsopsies as die rentekoers aanhou styg.

13.4.1 Koop

(2)

13.4.2 Verkoop

(2)

13.4.3 Huur

(2)
**[20]**

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 14

Bestudeer die indiensnemings/diens-kontrak hieronder en gebruik dit om die vrae wat volg te beantwoord.

**Indiensnemings/Diens-kontrak**
**Eiendomsagent**

Die Eiendomsagent, of Eiendomskonsultant, is daarvoor verantwoordelik om hul kennis van plaaslike eiendomsmarkte te gebruik om individue te help om residensiële of kommersiële eiendomme te koop, te verkoop of te huur.

Pligte sluit in, maar is nie beperk nie, tot ontmoeting met hul kliënte om hul ideale eiendoms-vereistes en prysaspekte te bespreek, om toesig te hou oor skouhuise namens verkopers en om aan kliënte eiendomme te wys wat aan hul verwagtings voldoen.

Verantwoordelikhede:
- Handhaaf 'n goeie verhouding met leners, waardeerders, huisinspekteurs en borgmaatskappye.
- Berei die nodige papierwerk soos sluitingstate, aktes, kontrakte, koopooreenkomste en huurkontrakte voor.
- Stel lyste van eiendomme saam met besonderhede oor hul ligging, vierkante oppervlak en kenmerke.
- Bevorder verkoop van eiendomme deur skouhuise, betrokkenheid by verskeie lysdienste en advertensies.
- Vestig ’n netwerk van verbandleners, kontrakteurs en regsprokureurs na wie jy kliënte kan verwys.
- Inspekteer die toestand van persele en reël vir die nodige instandhouding, of lig eiendomseienaars in oor onderhoudsbehoeftes.
- Evalueer kliënte se finansiële vermoëns en ondersoek eiendomme binne hul koopkrag.

[Bron: Aangepas van <https://www.indeed.com/hire/job-description/real-estate-agent>]

IEB Copyright © 2022

14.1 Wat is 'n *indiensnemings-/dienskontrak*?

(3)

14.2 Volgens wet moet 'n indiensnemings-/dienskontrak sekere inligting bevat om dit wetlik bindend te maak. Lys VYF redes waarom die kontrak op bladsy 23 nie wettig is nie.

(5)

IEB Copyright © 2022

14.3 Lys VIER ander tipes kontrakte.

(4)

IEB Copyright © 2022 

14.4 Bespreek die voordele daarvan om 'n eiendomsagent te gebruik wanneer 'n eiendom gekoop word.

(8)
**[20]**

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 15

Bestudeer die foto hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



[Bron: <https://friendsoftheearth.uk/>]

15.1 Identifiseer VIER produkte in hierdie foto wat herwin kan word.

(4)

15.2 Verduidelik hoekom dit vir Suid-Afrikaanse verbruikers belangrik is om afval en herwinning te bestuur.

(4)

15.3 Maak 'n lys van SES strategieë wat verbruikers tuis kan implementeer om afval te verminder.

(6)

IEB Copyright © 2022

15.4 Stel EEN kreatiewe manier voor om 'n 2-liter plastiekbottel te hergebruik.

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (1)

**[15]**

**60 punte**

IEB Copyright © 2022

## AFDELING D GEÏNTEGREERDE SKRYFRESPONS

***Bestee ongeveer 40 minute aan hierdie afdeling.***

### VRAAG 16

Lees die bronne hieronder deur en gebruik dit om die vraag wat daarop volg te beantwoord.

### Bron 1

**Mode**

Modetendense verander so vinnig dat dit moeilik is om by te hou. Dit beteken nie net om op hoogte te bly van wat bekendes en mode-ikone dra nie – daar is ook baie druk op die gemiddelde verbruiker om die nuutste klereontwerpe te koop.

Nie almal kan ontwerpersklere bekostig nie, wat gelei het tot 'n oplewing van handelsmerke en afdelingswinkels wat goedkoper lyne bied. Hierdie goedkoper handelsmerke is voorbeelde van kitsmode, 'n effek van globalisering.

[Bron: <https://stylevanity.com/2020/07/>]

### Bron 2

**Behuising in Europa: Die Impak van Globalisering op 'n Eens Plaaslike Kwessie**

Die Europese streek word sterk– polities, sosiaal en ekonomies – deur die Europese Unie oor die kwessie van behuising beïnvloed. Hierdie invloed is toenemend duidelik sedert globalisering, wat die vrye beweging van kapitaal en ondernemings aangemoedig het, stedelike strukture grootliks verander het en massiewe migrasie van binne en buite Europa gelok het.

[Bron: <https://www.socialwatch.org/sites/default/files/Eu_SW2010_Housing_eng.pdf>]

### Bron 3

**Die Impak van Globalisering op Voedselbeskikbaarheid en -toeganklikheid in Ontwikkelende Lande**

Globalisering het voedselstelsels in die wêreld en die wêreld se armes op soveel maniere beïnvloed.

Die toenemende proses van globalisering het 'n groot impak op voedselsekuriteit regoor die wêreld gehad en daarmee saam 'n groter impak en toenemende belangrikheid op die lewens van produsente en voedselverbruikers.

[Bron: <https://scholar.sun.ac.za/bitstream/handle/10019.1/>]

Debatteer die impak van **globalisering** op **verbruikersgedrag**. Verwys na die mode-, behuisings- en voedselindustrieë in jou argument.

Bestudeer die rubriek as riglyn vir jou antwoord.

**[20]**

IEB Copyright © 2022

| Kriteria | Prestasie-aanwysers | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Inleiding & Slot** | **6 punte** | **5–4 punte** | **3–2 punte** | **1 punt** | **0 punte** |
| | 'n Inleiding met 'n duidelike en bondige definisie van sowel globalisering as verbruikersgedrag.<br><br>Die gevolgtrekking is 'n konsolidasie van alle feite met 'n duidelike argument teen of vir globalisering. | 'n Inleiding wat 'n begrip van die terminologie toon, maar slegs een van die terme is gedefinieer. 'n Gevolgtrekking is teenwoordig, maar die feite is nie gekonsolideer nie OF daar is geen duidelike argument vir of teen globalisering nie. | Daar is gepoog om 'n inleiding te skryf, maar dit toon 'n swak begrip van die terminologie.<br><br>'n Poging tot 'n gevolgtrekking en konsolidasie van feite is aangewend, maar duidelikheid ontbreek.<br><br>Óf die inleiding óf die slot ontbreek. | Daar is gepoog om 'n inleiding en slot te skryf, maar dis vaag, het gebrek aan samehang, is deurmekaar of herhalend. | Geen inleiding of slot nie. |
| **Effek van globalisering op die mode-, behuisings- en voedselindustrie** | **10–8 punte** | **7–5 punte** | **4–3 punte** | **2–1 punte** | **0 punte** |
| | Die reaksie toon 'n deeglike begrip van globalisering en die effek daarvan op verbruikersgedrag in al drie industrieë. Voor- en nadele word duidelik beredeneer. Geen feitefoute nie. | Die reaksie toon 'n goeie begrip van globalisering en die effek daarvan op verbruikersgedrag in twee industrieë. Enkele voordele en nadele word aangevoer.<br>Geringe feitefoute. | Die reaksie toon 'n begrip van globalisering en die effek daarvan op verbruikersgedrag in slegs een van die industrieë. Vae voordele en nadele.<br>Sommige belangrike inligting ontbreek/is foutief. | Die reaksie toon 'n swak begrip van globalisering en die effek daarvan op verbruikersgedrag. Vaag en herhalend. Geen voordele of nadele nie. | Die reaksie toon 'n swak of geen begrip van globalisering of verbruikersgedrag nie. |
| **Kwaliteit van die artikel** | **4 punte** | **3 punte** | **2 punte** | **1 punt** | **0 punte** |
| | Die artikel is duidelik en bondig. Vloei is logies. Fokus word konsekwent behou. Die gebruik van terminologie is akkuraat. | Die artikel is meestal duidelik, die vloei is logies, die fokus word behou en die gebruik van terminologie is akkuraat. Daar is geringe afdwalings. | Die antwoord het enkele tekortkomings wat verband hou met duidelikheid, redenasie, fokus en terminologie, en dit beïnvloed die kwaliteit van die artikel. | Die artikel is dikwels vaag, samehang ontbreek, deurmekaar of herhalend. Foutiewe terminologie is dikwels gebruik. | Die artikel is sinneloos. |

IEB Copyright © 2022

IEB Copyright © 2022

**20 punte**

**Totaal: 200 punte**

IEB Copyright © 2022

**ADDISIONELE SPASIE (ALLE VRAE)**

**MAAK SEKER DAT JY DUIDELIK BY DIE VRAAG AANDUI DAT JY DIE BYKOMENDE SPASIE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER DAT ALLE ANTWOORDE NAGESIEN WORD.**

IEB Copyright © 2022